## DANIEL PETRUS VAN DEN HEEVER, 1838-1903

Op 18 Januarie 1838 aanskou Daniel Petrus die eerste lewenslig. Sy ouers Petrus Johannes van den Heever en Anna Christina van der Westhuysen het op Boesmanspoort, in die Veldkornetskap van Gideon Joubert, distrik Colesberg geboer.

Vir ses maande ontvang hy onderwys van 'n rondtrekkende Hollandse onderwyser. Op 5 Desember 1854 word hy lidmaat van die Ned. Geref. Kerk te Colesberg. Deurgaans bly hy 'n getroue lidmaat. Hy dra nie alleen ruim by tot die bou van die N.G. Kerk te Venterstad nie, maar skenk ook die doopvont.

Teen 1854 boer hy op Klipfontein in die veldkornetskap van P. A. Pienaar, distrik Colesberg. Omdat toenemende publieke verpligtinge vereis dat hy nader aan 'n dorp sou woon, koop hy later ook die plase Kareefontein en Lekkerdraai, tans Bravo, wat aan Venterstad grens. Benewens skaapboerdery stel hy ook belang in ingevoerde Friesbeeste.

Op 21 Maart 1859 tree hy in die huwelik met Anna Johanna Smit, dogter van Stephanus A. Smit van die plaas Vinkelfontein naby Colesberg. Uit die huwelik word nege kinders gebore, agt seuns en een dogter.

Omdat die Aksynswet vir die boere van die Suide 'n bedreiging ingehou het, stig die Paarliete op 14 Augustus 1878 *De Zuid-Afrikaansche Boerebeschermingsvereeniging*. Aangesien die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n vlam van Afrikaner-nasionalisme laat ontbrand het, het dit spoedig geblyk dat hierdie aangeleentheid swaarder weeg as suiwer ekonomiese aangeleenthede. Dit is die gees van hierdie gebeure wat daartoe gelei het dat daar onder die voorsitterskap van D. P. van der Heever, 'n selfstandige tak van die Boerebeskermingsvereniging op 23 Augustus 1878 op Vinkelfontein gestig word. Reeds op die stigtingsvergadering word ten gunste van die Hollandse taal besluit. Op verskeie vergaderings tree die voorsitter op as kampvegter van die Hollandse taal. Die 4de Julie 1879 publiseer ds. S. J. du Toit die program van beginsels van die Afrikanerbond en kort daarna stig D. P. van den Heever aan dieselfde huis as voorheen, 'n selfstandige tak van die Afrikanerbond, waarvan die doelstellings was om landsake te bespreek en die Progressiewe Party te beveg. Die twee selfstandige bewegings verenig egter in Desember 1881 op Burgersdorp ten einde beter samewerking tussen boere en dorpenaars te bewerkstellig. Die druk wat hy uitgeoefen het vir die erkenning van Hollands, was so geweldig dat sy parlementslid, Godfrey Sichel,[1] op 21 Julie 1879 die eerste petisie ten gunste daarvan by die Wetgewende Vergadering indien. 'n Tweede petisie uit Albert sit die bal verder aan die rol en in 1881 volg 31 petisies uit ander oorde. Op 9 Junie 1882 is die Wysigingswet op voorstel van J. H. Hofmeyr aangeneem en op 13 Junie 1882 lewer L. G. Luttig die eerste Hollandse toespraak in die Wetgewende Vergadering.

1. Mev. J. H. Venter van Venterstad besit 'n oorspronklike skildery van Godfrey Sichel.

Ter viering van dié gebeurtenis, is op 26 en 27 Junie 1882 'n taalfees op Burgersdorp gehou. 'n Perdekommando onder leiding van D. P. van den Heever, het die feestelikheid ingelui. Portrette van President Paul Kruger en Kommandant-generaal Piet Joubert was deur die firma Kannemeyer en Freemantle aan die bestuur van die gekombineerde vereniging oorhandig. Die volgende sprekers het by die geleentheid opgetree: S. J. du Toit, J. H. Hofmeyr, Jotham Joubert, A. S. du Plessis, L.W.V., prof. D. Postma, B. Vorster, W. A. Smit en P. van den Heever. Die aand met die dinee is besluit om 'n taalmonument op te rig. Oom Daantjie se dogter, Anna, sal as model dien vir die vrouebeeld uit Italiaanse marmer op 'n 10 voet hoë voetstuk. Oom Daantjie was die voorsitter van die reëlingskomitee wat bestaan het uit J. D. P. van den Heever, W. A. Smit, N. Kruger, J. H. N. Bekker en prokureur J. C. van den Heever (D.P./S).

In 1880 word hy as lid van die Afdelingsraad gekies in welke hoedanigheid hy vir 'n tiental jare aanbly. In 1883 word hy vrederegter en in 1884 verkies as lid van die Wetgewende Raad, 'n posisie wat hy tot aan sy dood beklee het. Saam met twee ander lede verteenwoordig hy die Noord-Oostelike Sirkel wat uit die volgende distrikte bestaan het: Venterstad, Somerset-Oos, Colesberg, Middelburg, Philipstown, Steynsburg, Maraisburg, Burgersdorp, Cradock en Hanover.

Op 17 Januarie 1893 het die onthulling van die Taalmonument in die Jubilee-Park agter die N.G. Kerk plaasgevind. Onder leiding van Kommandant-Generaal Van den Heever het 500 burgers Onse Jan tegemoet gery. Nadat salvo's afgevuur was, is 'n wapenskou op ordelike wyse uitgevoer, waarna in gelid na die feesterrein gery is. Ds. A. Hofmeyr van Prins Albert oorhandig 'n adres en lewer 'n treffende rede. Hierna is telegramme van presidente Kruger en Reitz voorgelees. Ander sprekers was: S. J. du Toit, J. H. Hofmeyr, minister Faure, N. F. de Waal, J. Luttig en Köhler. In teenwoordigheid van 2,000 feesgangers, is die monument deur oom Daantjie onthul, waarna hy op treffende wyse vereer is vir sy groot aandeel. Die heer Engelenburg bied 'n adres namens die S.A.R. aan, terwyl landdros Du Toit van Bloemfontein, een namens president Reitz aanbied. Verder ontvang D. P. van den Heever 'n goue medalje van die Hollanders van Pretoria met die betekenisvolle woorde, „1806-1892 Bewaart u Taal", daarop aangebring. 'n Tweede medalje van silwer met die inskripsie „Herinnering aan 15 Jan. 1893 Onze Taal" ontvang hy van die Pretoriase Sakekamer. 'n Derde was van mev. Koopmans-De Wet. Dan ontvang hy ook drie serpe of bandeliere: 'n bloue van die Venterstadse dames, „eene op Schotsche manier gekleurd" van Burgersdorp, en 'n derde van mev. Koopmans-De Wet in groen met die volgende in goud daarop uitgewerk: „Lang Leve onze Taal". Vir sy reuse aandeel met die taalstryd asook met die Taalfees, het die burgerkommando 'n adres aan Onse Jan oorhandig, waarin hulle hul blydskap uitspreek dat sy naam ook op die monument pryk. Weer eens was die feesvierings met 'n groot dinee afgesluit.

2. Mev. J. Pieterse van Stellenbosch, kleindogter van D.P., besit nie alleen nog twee van die medaljes en twee serpe nie, maar ook 'n diamantring wat haar ouma van Rhodes ontvang het tydens 'n besoek aan Kimberley.

Hierdie pragtige monument is in 1901 deur die Engelse troepe afgebreek en verwyder. Op 'n leidooi van die heer D. P. van den Heever het die Parlement die Britse regering versoek om die skade reg te stel. Daartoe is ingestem en in 1907 is die herboude monument onthul.

D. P. van den Heever was iemand wat nie gehuiwer het om sy mening oor landsake te lug nie. In die koerante van die dag verskyn etlike briewe van hom, dikwels polemies van aard. In 1882 wou hy van president Brand weet wat sy besware teen die Afrikanerbond is. Van sir Gordon Sprigg wou hy weer weet waar die mense bly op wie nie staat gemaak kan word nie. Hy trek geweldig te velde teen die anneksasie van Walvisbaai en Basoetoland. Op 'n vergadering in die skool te Venterstad, spreek hy hom kras uit teen verteenwoordiging van die Basoeto's: „want dan sal di naturelle di o'erhand in di parlement behaal om wette o'er ons te maak en geheel o'er ons te heers". Na die vergadering open hy 'n Debating Society om so die jongmense te leer om in die openbaar te praat.

Onder die skuilnaam Klein Joggem, vertel hy in *Di Patriot* van 14 Julie 1892 omtrent sy ondervindings op die „verhemelte" van die parlement. Hy spot met die Engelse malligheid om ligte helderoordag te laat brand. Die onsinnige wetsontwerp insake brandsiek was „di sous van di agtermiddag". Hy verheug hom oor die Afrikaans wat in die Wetgewende Vergadering gebesig word, nogtans hinder dit hom dat nog so baie Engelse woorde tussenin gebruik word. „Mister Speaker, waarom ni platweg meneer die Spreker ni; so praat hulle van di Klause van di Bill, hoekom ni liwers reguit praat van di Artikels van di Wet ni?" Dieselfde man reël op 12 Januarie 1893 'n „Amature Entertainment in aid of the Taal Festival" in Venterstad. Die korrespondent kla dat hulle vir drie uur op Engels vergas is, en D. J. van den Heever van Doornkloof, het om dieselfde rede die saal verlaat. Op die Cradockse Bondskongres beduie hy weer dat hy die mense wat die Engelse vlag onteer, sou skiet. Toe *Di Patriot* hom hieroor aanval, adem sy verweer duidelik die invloed van J. H. Hofmeyr.

Met die tweede lesing van die Brandsiekwetsontwerp op Maandag, 11 Junie 1894, bepleit mnr. Frost dipbakke, vernietiging van takkraaltjies, die aanstelling van inspekteurs en spesiale reëls vir die vervoer van skape. Die heer Van den Heever het sterk reageer ten opsigte van verpligte dip en die hoë koste wat dit sal meebring. Klein Joggem was ook teen die „Luisbill". „Vandag (9/8/94) het di blesspan met di groen tuige di luiswa deurgetrek." „Daar is van die mense al was hulle maande met boerseep, ses maal per dag, dan was jy nooit di boerhaat af ni." Toe Joggem die aand te laat na Maria se sin werk, antwoord eersgenoemde op haar geroep: „Maria lê stil, as jy langer peuter sal ek di dokter vra om 'n wet te maak om julle nasi wat so lol ook te dip, en my alleen inspekteur te maak." Met die 1894 verkiesingsveldtog het die aangeleentheid 'n sterk politieke kleur aangeneem. Veral Rhodes, Hofmeyr en S. J. du Toit moes dit ontgeld. Bondsmanne het verdeeld oor die kwessie gestaan en skeuring is selfs gevrees. In Stellenbosch het daar stryd tussen die families De Waal en Krige ontstaan. Die *Afrikaanse Patriot* beskuldig oom Daantjie dat hy altyd beskikbaar is wanneer sy Volkskomitees teen die Afrikanerbond

organiseer, maar hy kon nie na Strydenburg gaan om sy saak te stel nie. Hy word gewaarsku dat hy besig is om die volk se grootste vyand te word. Hierdie hele onaangenaamheid het voort gegaan totdat die Jameson-strooptog die mense se aandag in beslag geneem het.

As leier in die grensdistrikte, stig D. P. van den Heever Burgerkommando's wat nie alleen op gesette tye aan wapenskoue en skyfskietoefeninge deelgeneem het nie, maar ook 'n prominente aandeel aan feesvierings gehad het. Op 3 Januarie 1893 is so 'n wapenskou by die Oranjerivier naby Venterstad gehou. Sestig rytuie en 40 perderuiters het die prosessie uitgemaak, en 250 mense behalwe die organiseerders was aanwesig. Met skyfskiet het P. J. van den Heever, D. P. se seun, as eerste prys 'n beker en 'n medalje ontvang, terwyl oom Piet van den Heever van Doornkloof, die tweede prys verower het. Met die laaste wapenskou in 1898 op Venterstad, het sy jongste seun, Eben, die prysgeld van R24 verower met 'n Mauser wat oom Daantjie kort te vore met sy besoek aan Pretoria van president Kruger ontvang het.[3]

Met die inlywing van Venterstad by die Republiek tydens die Tweede Vryheidsoorlog, is oom Daantjie as landdros gekies. Hy wou dit nie aanvaar nie omdat hy nie die eed van trou aan die koningin wou breek nie. Hy het egter al sy mondige seuns by die Boeremagte laat aansluit.

Met die parlementêre sitting van 1903, ontvang D. P. van den Heever die nuus dat sy seun en naamgenoot ernstig siek is. Kort na sy aankoms te Venterstad en nadat hy 'n gebed by die sterfbed gedoen het, sterf hy op 4 September. Kort na hom het sy seun ook gesterf. Jare na sy dood, het sy vrou 'n briefie in sy Bybel gevind wat hy die laaste Sondagaand geskryf het nadat hy 'n diens in die Grootte Kerk bygewoon het. Daarin skryf hy dat hy die volgende Sondagaand in 'n kille graf sal lê.

D. P. van den Heever, 'n groot kerkman, het ten spyte van sy karige opleiding sy gemeenskap op baie terreine gedien. Sy reuse aandeel in die taalstryd is verewig in 'n trotse monument te Burgersdorp, waarvoor hy die agting van die Afrikanerdom verdien. As tipiese voorbeeld van 'n wordingstydperk, gepla met 'n oplopende geaardheid, was sy optrede dikwels inkonsekwent.

J. J. Smit

*Bibliografie*

E. van Rensburg: „Klein Joggem" in die Taalstryd, *Die Huisgenoot*, 1/4/1955.
P. J. J. de Wet: *Eeufees-Gedenkboek*, Burgersdorp 1846-1946, Kroonstad 1946.
J. Albert Coetzee: *Politieke Groepering*, Johannesburg, 1941.
J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, Kaapstad, 1913.
*Die Afrikaanse Patriot*, 1882-1894.
*De Zuid-Afrikaan Vereenigd met Ons Land*, 19 September 1912.
*De Stem*, September 1903.
*The Cape of Good Hope Directory*, 1880-1894.
*The Cape of Good Hope*, *Debates of House of Assembly*, 1894.
Persoonlike mededelinge van sy kleinkinders: Mnr. D. van den Heever, mev. Gertjie van den Heever en mnr. H. J. Venter van Venterstad.

3. Agterkleinkind, Eben Venter van Die Vlei, Burgersdorp, is die trotse erfgenaam van dié Mauser.